education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## AARDRYKSKUNDE V1

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 225**

**TYD: 2,5 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 4 bylaes.**

**147 1 A**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord DRIE vrae wat soos volg gekies moet word:

   EEN vraag uit AFDELING A
   EEN vraag uit AFDELING B òf
   'n DERDE vraag uit óf AFDELING A óf B

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELNG A

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 1

1.1 Pas die terme in KOLOM B by die beskrywings in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A - R) langs die vraagnommer (1.1.1 -1.1.15) neer, byvoorbeeld. 1.1.16 S.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | 'n Dun lagie gasse wat die aarde omring | A | snelheid |
| | | B | geleiding |
| 1.1.2 | Proses waartydens waterdamp in 'n vloeistof verander | C | atmosfeer |
| 1.1.3 | Water in vloeistof- of vastestofvorm wat uit die atmosfeer val | D | kors |
| | | E | humiditeit |
| 1.1.4 | Horisontale beweging van lug | F | kern |
| 1.1.5 | Oordrag van hitte-energie deur middel van golwe | G | albedo |
| 1.1.6 | Wanneer sonstrale sonder die verlies van energie deur 'n oppervlak weerkaats word | H | kondensasie |
| | | I | verskuiwing |
| 1.1.7 | Die hoeveelheid waterdamp in die lug | J | presipitasie |
| 1.1.8 | Die verhouding tussen hitte-energie uitgestraal en hitte-energie geabsorbeer | K | weerkaatsing |
| | | L | rotsgang |
| 1.1.9 | Die buitenste laag van die aarde | M | skeurdal |
| 1.1.10 | Die middelpunt van die aarde | N | wind |
| 1.1.11 | 'n Vertikale of hellende laag van stollinggesteentes | O | strata |
| | | P | radiasie |
| 1.1.12 | Rotslae | Q | isostasie |
| 1.1.13 | Dier- of plantoorblyfsels in gesteentes | R | fossiel |
| 1.1.14 | Die beweging van kontinente in 'n toestand van ewewig/balans | | |
| 1.1.15 | 'n Vallei met 'n plat vloer en steil kante | | |

(15)

1.2 Bestudeer die wêreldkaart in FIGUUR 1.2 tesame met die tabel wat by die kaart ingevoeg is en beantwoord die vrae wat volg:

1.2.1 Met verwysing na die tabel, noem en verduidelik die verskillende faktore wat die temperatuur van die twee Suid-Afrikaanse stede, Johannesburg en Durban, onderskeidelik beïnvloed. (7 x 2) (14)

1.2.2 Identifiseer weerstelsels A en B. (2 x 2) (4)

1.2.3 Beskryf die weerstoestande wat by weerstasie C ondervind word. (6 x 2) (12)

1.3 Bestudeer FIGUUR 1.3 wat kontinentale drywing toon en beantwoord die volgende vrae.

1.3.1 Hoe oud is ons planeet? (1 x 3) (3)

1.3.2 Watter TWEE kontinente was voorheen deel van LAURASIË? (2 x 2) (4)

1.3.3 Noem enige TWEE kontinente wat voorheen deel gevorm het van Gondwana. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat 'n uittreksel is oor die onlangse aardbewing in Indonesië en beantwoord die vrae wat volg.

1.4.1 Wat was die lesing op die Richterskaal tydens hierdie aardbewing? (1 x 2) (2)

1.4.2 Noem DRIE bewyse uit die uittreksel om aan te dui dat hierdie 'n kragtige aardbewing was. (3 x 2) (6)

1.4.3 Wat is 'n *tsunami*? (1 x 2) (2)

1.4.4 Veronderstel jy was 'n lid van die Taiwanese reddingspan wat met die reddingswerk in Indonesië na die aardbewing gehelp het. Noem VYF dinge waaraan jou span aandag sal gee. (5 x 2) (10)

**[75]**

**VRAAG 2**

2.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.15) neer, byvoorbeeld 2.1.16 D.

2.1.1 Die verandering van temperatuur met hoogte staan bekend as …

A isotermiese laag.
B temperatuurvervaltempo.
C inversielaag.
D hoogte bo seevlak.

2.1.2 Die krag uitgeoefen deur die gewig van die atmosfeer op die aardoppervlak staan bekend as …

A gravitasie.
B winddruk.
C atmosferiese druk.
D atmosfeer.

2.1.3 … is 'n lyn op 'n kaart wat alle plekke met dieselfde lugdruk met mekaar verbind.

A Isobaar
B Kontoerlyn
C Isohiët
D Isokliniese

2.1.4 Die proses waar hitte-energie uitgestraal word deur 'n liggaam soos die son of die aarde, staan bekend as …

A geleiding.
B stroming.
C inversie.
D straling.

2.1.5 Windspoed word gemeet deur 'n instrument genoem die ...

A windvaan.
B anemometer.
C termometer.
D barometer.

2.1.6 Die tipe energie wat deur die son vrygestel word staan bekend as … energie.

A kinetiese
B elektomagnetiese
C potensiële
D absorpsie

2.1.7 Die hang (helling) wat ... front sal altyd die warmste in Suid-Afrika wees.

A wes
B suid
C noord
D oos

2.1.8 Energie wat tydelik gestoor is en tydens kondensasie vrygestel word, word ... hitte genoem.

A radiasie-
B liggaams-
C latente
D waarneembare

2.1.9 Granietgesteentes wat ryk is aan silikon en aluminium word … genoem.

A sial
B magma
C lawa
D sima

2.1.10 Die … is die breekpunt waar die mantel geskei word van die kors.

A magmapoel
B astenosfeer
C litosfeer
D moho-vlak

2.1.11 Die sagte laag van die aarde in die mantel onder die litosfeer is die …

A magmapoel.
B astenosfeer.
C sima.
D moho-vlak.

2.1.12 … is 'n omvattende teorie wat die korsveranderinge van die aarde verduidelik.

A Plaattektoniek
B Pasifiese plaat
C Plaatbeweging
D Plaatgrense

2.1.13 Die grens wat gevorm word wanneer twee plate na mekaar toe beweeg staan bekend as … grens.

A divergente
B konstruktiewe
C konvergente
D normale

2.1.14 Die punt op die aardoppervlak bokant die fokuspunt gedurende 'n aardbewing, staan bekend as die ...

A barisentrum.
B tsunami.
C verskuiwingslyn.
D episentrum.

2.1.15 'n … is 'n keël wat gevorm word deur afwisselende lae van vulkaniese as en lawa.

A Skildvulkaan
B Askeël
C Saamgestelde vulkaan
D Kaldera (15)

2.2 Verwys na FIGUUR 1.2 en beantwoord die vrae wat volg:

2.2.1 Is die drukgebied gemerk D 'n hoog- of 'n laagdrukgebied? (1 x 2) (2)

2.2.2 Gee 'n ander naam vir drukgebied D. (1 x 2) (2)

2.2.3 Die Saharawoestyn in Noord-Afrika is 'n goeie voorbeeld van 'n woestyn. Daar word gesê dat woestyne vinnig in grootte toeneem (verwoestyning). Maak 'n lys van VIER oorsake van verwoestyning en die maatreëls wat toegepas kan word om dit te bekamp. (8 x 2) (16)

2.2.4 Die Amasonewoud is een van die rykste natuurlike plantegroei-streke wat nog bestaan. Ongelukkig is hierdie natuurlike skat blootgestel aan die gevare van globale verhitting en suurreën. Watter impak na jou mening, sal globale verhitting en suurreën op die Amasonewoud in Suid-Amerika hê? (5 x 2) (10)

2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 en beantwoord die vrae wat volg.

2.3.1 Benoem die aardkorsproses getoon. (1 x 2) (2)

2.3.2 Benoem die aardkorsblok E. (1x 2) (2)

2.3.3 Benoem die aardkorsblok F. (1 x 2) (2)

2.3.4 Noem die tipe verskuiwing getoon. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.5 Benoem die verskuiwingselemente gemerk:

(a) JM (1 x 2) (2)
(b) JKLM (1 x 2) (2)
(c) LN (1 x 2) (2)

2.3.6 Noem die tipe gesteente wat aangedui word. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.4 Verwering is die proses waardeur groot rotse en klippe in kleiner stukkies deur meganiese, chemiese of biologiese prosesse opgebreek word. Verwering vind plaas op die aarde se oppervlak, maar ook onder die aarde se oppervlak. Noem die soort verwering wat met elk van die volgende geassosieer word:

2.4.1 Verwering deur ys en ryp

2.4.2 Verwering wat plaasvind as koolstofdioksied met reënwater verbind

2.4.3 Verwering wat deur die grawe-aksie van sekere diere veroorsaak word

2.4.4 Verwering as gevolg van 'n chemiese verandering in die samestelling van die rots

2.4.5 Die afskilfering van die buiteoppervlak van rotse (5 x 2) (10)
**[75]**

## AFDELING B

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte antwoord uit die lys wat voorsien is hieronder om die sinne te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer, byvoorbeeld 3.1.16 piramide.

wanvoeding; internasionale organisasies; demografie; trekfaktore; bruto nasionale produk; sterftesyfer; ontvolking; ongelykhede; ontwikkelende lande; bevolking

3.1.1 Die afname in die bevolking van landelike gebiede word … genoem.

3.1.2 Die grootste verskil tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande van die wêreld is … .

3.1.3 Mense in landelike gebiede word na die stede gelok deur … .

3.1.4 Die term … verwys na die totale aantal mense wat in 'n land woon.

3.1.5 Die term … verwys na die studie van bevolkings.

3.1.6 Die … van 'n land verwys na die totale aantal sterftes per 1 000 mense in 'n jaar.

3.1.7 Die … is meestal geleë in Afrika, Suid-Amerika en Asië.

3.1.8 In gebiede waar daar nie genoeg voedsel is nie, ondervind mense hongersnood, wat lei tot … .

3.1.9 Die term … verwys na die totale markwaarde van alle goedere en dienste wat in 'n land geproduseer word.

3.1.10 … is organisasies wat wêreldwyd werksaam is. (10)

3.2 Waarvoor staan die volgende akronieme:

3.2.1 NOVSA
3.2.2 POWA
3.2.3 SAOG
3.2.4 MIV
3.2.5 NGO (5)

3.3 Bestudeer die koerantuittreksel in FIGUUR 3.3 en beantwoord die vrae wat volg:

3.3.1 Verduidelik hoekom hierdie immigrante as onwettig beskou word. (2 x 2) (4)

3.3.2 Dink jy dat die nasionale staking en besigheidsboikot geregverdig was? Motiveer jou antwoord. (3 x 2) ()6)

3.3.3 Kom ons voor dieselfde uitdagings met immigrante in Suid-Afrika te staan? Verduidelik jou antwoord. (3 x 2) (6)

3.3.4 Watter invloed het immigrante op werksgeleenthede vir die plaaslike bevolking? (3 x 2) (6)

3.3.5 Hoe beïnvloed die instroming van hierdie immigrante na Suid-Afrika die voorsiening van die volgende:

(a) Behuising
(b) Water en sanitasie
(c) Onderwys
(d) Gesondheidsdienste (4 x 2) (8)

3.4 Bestudeer die uittreksel in FIGUUR 3.4 oor die Afrika Unie (AU) en beantwoord die vrae wat volg:

3.3.1 Gee die naam van die organisasie wat deur die AU vervang is. (1 x 2) (2)

3.3.2 Na jou mening, waarom speel Suid-Afrika 'n dominante rol in die AU? (2 x 2) (4)

3.3.3 Noem enige DRIE belangrike doelstellings van die AU. (3 x 2) (6)

3.5 NEPAD ('New Partnership for Africa's Development') is 'n ontwikkelingsplan vir die vasteland Afrika wat deur Afrikaleiers ontwikkel is waar die res van die wêreld uitgenooi word om 'n vennootskap met Afrika te sluit. Tydens die bekendstelling van NEPAD in 2001 het die President van Suid-Afrika gesê: 'Ons pak iets groots aan, dit is noodsaaklikerwyse moeilik, maar dit is uitrermate noodsaaklik.'

Die fokus van NEPAD is op die ekonomiese en maatskaplike herlewing van Afrika. Afrikaleiers het hulleself daartoe verbind om armoede te beëindig en om hul lande op die pad van volhoubare groei en ontwikkeling te plaas.

3.5.1 Bespreek NEPAD onder die volgende hoofde:

(a) Wat het aanleiding gegee tot die stigting van NEPAD?(2 x 2) (4)

(b) Beskryf in jou eie woorde, wat NEPAD beoog om te doen. (3 x 2) (6)

(c) Wat het Afrika wat gebruik kan word om die oogmerke van NEPAD te bevorder? (2 x 2) (4)

(d) Wat het vordering in Afrika vir so lank verhinder? (2 x 2) (4)

**[75]**

**EN/OF**

**VRAAG 4**

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs 'waar' of 'vals' langs die vraagnommer in die antwoordeboek neer.

4.1.1 'n Progressiewe bevolkingspiramide is kenmerkend van 'n ontwikkelde land.

4.1.2 Burgeroorloë kom die meeste onder die armste lande voor.

4.1.3 Die VN is op 24 Oktober 1945 deur 51 lande gestig.

4.1.4 Geïndustrialiseerde lande het 'n lae geboortekoers en 'n hoë sterftekoers.

4.1.5 'n Geboorteontploffing is 'n toename in die aantal geboortes, gewoonlik na 'n oorlog (ramp).

4.1.6 Bevolkingsverspreiding verwys na die aantal mense wat per vierkante kilometer woon.

4.1.7 Die VN is 'n nasionale organisasie.

4.1.8 Xenofobie verwys na 'n ongegronde vrees of haat vir immigrante.

4.1.9 'n Hongersnood verwys na 'n uitermate skaarste of tekort aan voedsel.

4.1.10 'n Vlugteling is iemand wat sy/haar land vrywilliglik verlaat. (10)

4.2 Gee die korrekte term vir elk van die volgende definisies:

4.2.1 Beweging van mense

4.2.2 Hoe vinnig of stadig 'n land se bevolking toeneem of afneem

4.2.3 Die situasie waar meer mense sonder werk is as gevolg van 'n geweldige toename in die bevolking

4.2.4 Behandel mense of groepe verskillend, soms sleg, op grond van hul ras

4.2.5 Die beskerming van die omgewing vir toekomstige generasies (5)

4.3 Bestudeer die twee bevolkingspiramides van Indië en Japan in FIGUUR 4.3 onderskeidelik en beantwoord die vrae wat volg:

4.3.1 Gebaseer op die twee piramides van Indië en Japan, noem watter een 'n progressiewe bevolking en watter 'n regressiewe bevolking verteenwoordig. (2 x 2) (4)

4.3.2 Noem die persentasie mans in die 15 -19 jaar ouderdomsgroep in Indië in vergelyking met Japan. (2 x 2) (4)

4.3.3 Vergelyk die geboortekoers van hierdie twee lande. Gee redes vir die verskille. (4 x 2) (8)

4.3.4 Vergelyk die sterftekoers van hierdie twee lande. Gee redes vir die verskille. (4 x 2) (8)

4.3.5 Watter piramide toon 'n hoër groeikoers? (1 x 2) (2)

4.3.6 Noem 'n ander land met 'n soortgelyke bevolkingspiramide as:

(a) Indië (1 x 2) (2)
(b) Japan (1 x 2) (2)

4.4 Bestudeer die gevalllestudie in FIGUUR 4.4 en beantwoord die vrae wat volg:

Jy is deur die WWF ('World Wide Fund for Nature') aangestel as omgewingskonsultant. Jy besoek 'n gebied in Kenia genaamd Mara waar mense en olifante gereeld bots.

Skryf 'n verslag oor die volgende:

4.4.1 Hoe sal jy hierdie probleem hanteer? (3 x 2) (6)

4.4.2 Watter ander kundiges sal jy inroep om jou met hierdie probleem te help? (3 x 2) (6)

4.4.3 Waarom sou jy elk van die kundiges genoem in VRAAG 4.4.2 gebruik in die oplossing van die probleem. (3 x 2) (6)

4.5 Beantwoord die volgende vrae wat handel oor die Verenigde Nasies (VN):

4.5.1 Uit hoeveel groeperings bestaan die struktuur van die VN? (1 x 2) (2)

4.5.2 Wie is die huidige Sekretaris-Generaal van die VN? (1 x 2) (2)

4.5.3 Waar is die hoofkwartier van die VN? (1 x 2) (2)

4.5.4 Wat word die hooforgaan van die VN genoem? (1 x 2) (2)

4.5.5 Noem enige TWEE doelstellings van die VN? (2 x 2) (4)
**[75]**

**TOTAAL: 225**

Kopiereg voorbehou